



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 1 SEPTEMBER 2024

**VYFTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**

**GEMEENTE DAGBOEK**

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**

*Gehoorgestremdes*

**LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK**

Jakobus 2:1-10, (11-13), 14-17;

Spreuke 22:1-2, 8-9, 22-23; Psalm 125; Markus 7:24-37

### **SONDAG, 1 SEPTEMBER**

#### **NASIONALE BIDDAG VIR DOWES**

09:00 Oggenddiens  
Deuroffer ten bate van: Instituut vir Dowes  
Erediensspan 1 – Lorraine Louw  
**GEEN** Kleuterkerk en Kinderkerk

**GEEN** Senior Kategese

**GEEN** Gemeentetee

### **MAANDAG, 2 SEPTEMBER**

18:00 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

### **DINSDAG, 3 SEPTEMBER**

09:30 Senior Burger Bybelstudie

### **WOENSDAG, 4 SEPTEMBER**

09:30 Vroue Bybelstudie  
09:30 Othello Biduur

### **DONDERDAG, 5 SEPTEMBER**

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche,  
Wilma Steer, René Arendse, Joline Steyn

## VRYDAG, 6 SEPTEMBER

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

## SATERDAG, 7 SEPTEMBER

10:00 Potjiekos kompetisie & Rugby op grootskerm

## SONDAG, 8 SEPTEMBER

### SESTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD TOERUSTINGSONDAG

09:00 Oggenddiens  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: RCA (Indiërsending)  
Erediensspan 2 – Elsa Welman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

## GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
  - Jeanne Karstel vanaf Kleinmond.
  - Roeline Houghton-Hawksley goedgekeur deur kerkraad.
  - Sean Houghton-Hawksley vanaf Calvinia
2. Roux Rossouw (Kraaifontein) se pa en Elmi Rossouw se oupa is oorlede.
3. Dawie Maas (Othello) is in die hospitaal.
4. Athol Rankin (voorheen Gousblomsingel) is oorlede.
5. Lorna Robinson (La Bri Slot, Jacarandas) het 'n knie-operasie ondergaan.
6. Liana Hough (Kransduif Str, Jacarandas) ondergaan mediese toetse.
7. Krinie van der Vyver (Othello) se kleinseun het sy Honneursgraad verwerf.
8. Hein Gericke (Krisantsingel) se ma is oorlede.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

01/09 Leoni en Rachel Lambert, Erna de Wit, Peru Viljoen, Cliné de Beer  
03/09 Maureen Robertson, Liné Nel, Phillip Obermeyer  
04/09 Maranda van der Merwe, Janette van Rensburg  
05/09 Kobus Neethling, Melissa Boyes, Glynn Moolman  
06/09 Elba Fourie, Aldoreen van Zyl, Vicci Scholtz, Zanelle Kotze,  
Maxie Herbst, Alex de Kock  
07/09 Annelene Traut, Werner Smit, Elize Booyensens (89), Jacobus Nel



## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is met verlof van 1 Sep tot 30 Sep.
2. Ons sê dankie vir almal wat deel was van die Kinderkerk konsert wat die afgelope Vrydagaand plaasgevind het.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Instituut vir Doves

Die Nasionale Instituut vir Doves is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Doves taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Tans word Doves ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID om die meer as 400 000 onbereikte Doves in Suid-Afrika te bedien met die Woord. Volwasse meervoudig-gestremde Doves ontvang vaardigheidsontwikkeling in residensiële sorg en beskermde werksinkels binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap. Twee tehuse vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige gemaklike omgewing vir Doves asook liggaamlik gestremde Doves en Doof-blinde persone.

Die NID Akademie bied multidissiplinêre steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies. NID Kollege bied geakkrediteerde beroepsopleidingsprogramme vir dove studente aan. Twee skole, De la Bat en Nuwe Hoop sorg vir dove kinders se opleiding. Bid dat al die Doves in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

Mnr Deon de Villiers | (023) 342-5555 | [fr.nid@nid.org.za](mailto:fr.nid@nid.org.za) | [www.nid.org.za](http://www.nid.org.za)

## JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Aanlyninskrywings vir Jan Kriel Instituut se jaarlikse Tekkie Challenge is oop!

Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid vind Saterdag 7 September by Jan Krielskool plaas. Skryf in vir die familie-vriendelike 5km pretdraf/-stap of een van die langer afstande.


Vir meer inligting, skakel 021 903 0434.



## KOSMANDJIE

Help, asseblief! Die Kosmandjie se spens is besonder leeg die afgelope paar weke. Hier is jou geleentheid om op 'n praktiese manier jou liefde vir jou naaste te wys. Bring 'n blikkie, 'n pakkie of 'n sakkie saam kerk toe - enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.

Spenslys: koffie / tee /melk  
soya - 200g of 400g-pakkies  
blikkies - tamatie / tuna / groente  
grondboontjebotter  
tandepasta  
skottelgoedseep - 400ml of 750ml



Mandjie-groete

# BLOKRAAI KOMPETISIE

Kom toets jou kennis van die Bybel en neem deel aan ons kopkrapper blokraai kompetisies. Daar is twee kategorieë naamlik laerskool en tweedens Hoërskool en volwassenes.

Daar is ongelukkig 'n fout op die Volwassenes en op die Laerskoolkinders se blokraisels:

**VOLWASSENES:**

14 AF: Spel asseblief die ontbrekende naam met slegs een "F" en nie met twee nie.

**LAERSKOOKINDERS:**

16 DWARS: Spel asseblief die ontbrekende naam met "RR" en een "B" (die korrekte spelling is eintlik een "R" en "BB"). Dan sal 1 AF se vierde blokkie inpas by 16 DWARS se vyfde blokkie.

Inskrywings en pryse is as volg:

**Laerskool: R30 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R500 kontant

2de prys – R300 PNA geskenkbewys


3de prys – R200 PNA geskenkbewys

**Hoërskool en Volwassenes: R50 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R1000 kontant

2de prys – R500 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys



Voltooide inskrywings kan saam met die inskrywingsgeld by die kerkkantoor afgegee word of Sondag na kerk in die voorportaal.

Kompetisie sluit die 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.

Inskrywings sal by die kerk beskikbaar wees en ook op al die sosiale media platforms.

Versprei die inligting ver en wyd, want enige iemand kan inskryf, selfs buite gemeente grense.

Vir sommige leidrade moet na die 2020 Bybelvertaling verwys word. Indien jy nie 'n 2020 vertaling het nie, gaan kyk gerus op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf of hul selfoon toepassing. Die 2020 vertaling is daar beskikbaar, sowel as 'n soekfunksie waar bv. sleutelwoorde of name ingetik kan word en jy dan gelei word na teksverse waarin die woorde/name verskyn.

Die webwerf is [biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/](http://biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/)

## **NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING**

Tydens die kerkraadsvergadering van 28 Augustus 2024 is die volgende lidmate verkies tot die kerkraad:

Blokleier – Wbg Brackenfell 3: Bokkie Geyer  
Erediens en aanbidding voorsitter – Lorraine Louw

## **PASTORALE SORG KURSUS**

Kursus word aangebied by NGK Kuilsrivier-Suid  
12 September – 28 November 2024  
19:00 – 21:00

Die kursus bestaan uit 11 sessies, elk oor verskillende onderwerpe en word deur verskeie persone aangebied.

Vir meer inligting kontak ons kerkkantoor.

## **STADSKOOR TYGERBERG**

Stadskoor Tygerberg gee om vir die gemeenskap en bied 'n verskeidenheidskonsert aan ten bate van AGS Tehuis vir Bejaardes/AFM Care Village, Kuilsrivier

Datum: Sondag 15 September 2024

Tyd: 15:00

Plek: NG Moederkerk, Van Riebeeckweg, Kuilsrivier

Koste: R150 / kaartjie

Bespreek by: Marja Swart (082 441 2372) &  
Suzette van Wyk (083 263 9335)



# DE EIKE POTJIEKOS KOMPETISIE

## 7 September 2024

1ste prys - R2000 kontant  
2de prys - Wyn geskenkpak  
3de prys - Potjie geskenkpak

Inskrywings is gratis maar jy moet jou pot se inhoud skenk wat ons weer verkoop as etes op die dag.

Jou pot moet ten minste 10 mense kan kos gee en nie kleiner wees as 'n boepens nommer 3 pot nie.

Elke inskrywing sal 'n afgemerkte spasio ontvang waar hulle stalletjie opgesit moet word. Elke span is verantwoordelik vir alles wat hulle nodig het op die dag, ingesluit hulle eie gazebo en eie vuur.

Die tema vir die dag is "My hart klop warm vir..."

Elke stalletjie moet opgemaak word volgens die tema en dit dra by tot julle punt.

Elke span ontvang ook 'n geheime bestanddeel die oggend en dit moet iewers in jou ete ingesluit word. Die span word ook hiervoor beoordeel.

Elke span is ook self verantwoordelik om bykos te verskaf hetsy dit rys, stampmielies of wat ookal is.

Die kompetisie begin vanaf 10h00 die oggend en die potte moet gereed wees vir beoordeling vanaf 15h00. Stalletjies sal vanaf 13h00 beoordeel word.

Die Springbokke speel teen All Blacks om 17h00 en ons gaan ook die rugby op 'n groot skerm in die saal kyk. Daar sal biltong, droëwors, popcorn, skyfies en koeldrank te koop wees. Ons het ook 'n Stellenbrau koffiestasie wat 'n heerlike verskeidenheid koffies en warm drankies gaan verkoop. 'n Lekker saamkuier geleentheid.

Etekaartjies kos R80 per volwassene en R50 per kind onder 12. Ons sal die houers verskaf waarin die etes opgedien moet word. Etes kan afgehaal word vanaf 15h30. Kaartjies is beskikbaar by die kerkkantoor.

Ons wil graag ten minste 30 potte beoordeel, so spring sommer nou en skryf in!

**Weens die skuif van die datum het ons kansellaries gehad, ons kort nog lidmate om potte in te skryf.**

Om jou pot in te skryf stuur 'n epos aan [jacominaswart@icloud.com](mailto:jacominaswart@icloud.com) waarin jy aandui watter pot jy gaan maak, wat jou tema is en hoeveel etes uit jou pot verskaf kan word sowel as 'n kontaknommer. Meer inligting sal dan verskaf word.

Sluitingsdatum vir die inskryf van potte is Sondag 1 September 2024.

Daar gaan ook 'n verrassingsprys uitgegee word aan die Springbok ondersteuner met die mees kreatiefste uitrusting in die saal tydens die wedstryd.

Spring nou en moenie uitmis op die kans om De Eike se potjiekos koning te wees nie!

# SAREPTA DAMESKOOR

Die dameskoor van die VG Kerk Sarepta, wat verlede Sondag tydens ons erediens opgetree het, bied 'n konsert aan op Sondag 3 November 2024 hier by ons gemeente om 16:00. Kaartjies teen R100 per persoon is nou reeds by ons kerkkantoor beskikbaar.

Hierdie konsert is deel van hul fondsinsameling poging om hul reis na Mauritius te finansier.

Hulle is genooi om 26 September tot 6 Oktober 2025 deel te neem aan Afrika Asië koorspele.

Indien jy vir hulle 'n donasie wil gee, kontak vir Mariana by ons kerkkantoor vir meer inligting en bankbesonderhede.

Kom ondersteun gerus ons buurgemeente en geniet hul sang.

Vir meer inligting skakel 083 691 2173.

# PREEKSKETS

## TEMA – DIE EEN IN DIE SPIEËL

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Jakobus 1:17-27



'n Spieël is 'n wonderlike, handige ding, sê Jakobus.

- Dit help jou meer sosiaal aanvaarbaar te lyk as jy die huis verlaat.
- Dis baie dom om jou spieël te ignoreer en net weg te draai!

### 1. God het vir ons 'n spieël gegee...

- Maar natuurlik praat Jakobus eintlik van God se Woord.
- In sy Woord sien ons onself soos ons regtig lyk.
- Dit kan natuurlik pynlik eerlik wees, as dit wys hoe jy regtig lyk.
- En dit werk net as jy dit aktief gebruik!
- Daarom vra Jakobus: watter rol speel die Bybel in jou lewe?

### 2. Wat gaan ons daaraan doen?

- 2.1. Moenie langer impulsief regeer nie
- 2.2. Dit vra "ootmoed" (21) en aanname
- 2.3. Dit vra totale gehoorsaamheid

### 3. Roei alle kwaad uit jou lewe uit!

- Roei dit genadeloos uit, met wortel en tak!
- En oppas veral vir jou tong...
- Laat net die woord jou lewe regeer.